Hoe om weggooi-blikkies te gebruik

Moenie ou blikkies weggooi nie, daar is verskeie artikels wat jy daarmee kan maak. Hier is ‘n paar voorbeelde.

? Stappe

1. Blikkietelefoon - sien Hoe-om reeks (Hoe om ‘n blikkietelefoon te maak)

2. Blikkie stofie – sien Hoe-om reeks(Hoe om ‘n veldstofie te maak)

3. Gebruik ‘n blikkie as houer om kos in gaar te maak.

Bak ‘n bierbroodjie in ‘n blikkie

Vir die bierbroodjie benodig jy 500 gram bruismeel, ‘n bietjie sout en ‘n blikkie bier. Meng die bruismeel en sout en gooi dan die bier by. Meng tot ‘n sagte deeg. Smeer die blikkie binne met olie. Plaas ‘n balletjie deeg in die blikkie (nie te groot nie). Maak ‘n deksel van foelie en plaas op die blikkie . Plaas die blikkie op ‘n rooster ongeveer 5 – 8 cm bo matige kole. Sit ‘n warm kool bo-op die foelie deksel. Laat so 25 minute om gaar te word. Haal van die kole af. Laat afkoel en smeer botter op die broodjie.

Kook water vir koffie of warmsjokolade

Laat die kinders self die vuur maak en die water kook. Sodra die water warm genoeg is, kry die kinders sjokoladepoeier.

Kook ‘n eier in water

Plaas die eier in die kookwater. Kook ongeveer 10 minute vir ‘n harde eier.

Spring springmielies – gooi ‘n bietjie olie in ‘n blikkie. Bedek die boom van die blikkie met springmielies. Maak ‘n deksel van foelie en plaas op die blikkies. Sit die blikkie met springmielies direk op die kole. Dit is vir die kinders groot prêt as die springmielies begin spring. Moenie te veel springmielies in die blikkie plaas nie aangesien die foelie-deksel opgelig kan word.

4. Bak ‘n **<u>plaatkoekie bo-op blikkie</u>** op ‘n vuur met kole of op ‘n blikkie met ‘n kersie onderin. Met die kersie moet daar gaatjies in die blik gekap wees om die kers te laat “asemhaal”. Plaas stokkies (sien foto onder regs) om die blikkie te lig sodat daar genoeg suurstof is.

   Maak die deeg aan. Gebruik die plaatkoekie-mengsel wat te koop is, dit is baie vinnig en maklik aangesien jy net eiers, melk en olie byvoeg. Draai die blikkie om. Plaas genoeg olie op die blikkie. Wag dat die olie warm is voor die deeg op die blikkie gegooi word. Wees versigtig met die omdraai. Draai die plaatkoekie om as daar borreltjies gevorm word. Gebruik ‘n mes en spaan om die plaatkoekie om te draai.

5. Plantpotjies – gebruik die blikkie om ‘n potplant in te plant.

6. Pennehouertjies – versier ‘n blikkie om penne en potlode in te sit.

7. Lanterntjies

☺ Wenke

1. Vra kinders om blikkies bymekaar te maak.
2. Maak ‘n handvatsel vir die blikkie van draad. Maak twee gaatjies in die blikkie en maak dan die draad daaraan vas. Dit kan gebruik word as houer.
3. Kinders moet skoene / tekkies aantrek voordat hulle kan help met vuurmaak.

☠ Waarskuwings

1. Wees versigtig dat kinders nie brand nie. Hou maar die Burnshield naby!
2. Help kinders om die blikkies van die vuur af te haal. ‘n Potgryper is ideaal daarvoor.

🕮 Bronne

1. Weg! Kuierkos – ‘n keur uit die resepte van Weg, Wegsleep en WegRy.